ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT
# KOERANIA
November 2025 ONS VERJAAR! Volume 1 Uitgawe Nr 24







## KITSNUUS
Lees meer binne

**Sonsondergangfoto's by die beeld**
*Bl 2*

**Wilmie woeker by Prima**
*Bl 3*

**Orania Grondwet vorder**
*Bl 3*

**Prettige Raar maar Waar**
*Bl 4*

**Begrond**
*Bl 5*

**Terugblik op die laaste jaar**
*Bl 6 & 7*

**'n Besoeker vertel**
*Bl 8*

**Ons Paradys Tuinuitdaging**
*Bl 9*

**Klein Reus Marathon**
*Bl 12*

**Klein Klara presteer**
*Bl 12*

### SKAKELS
www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

### NOODNOMMERS
**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Kontreiwinkel klop Wafelhuis



Kontreiwinkel se seniors… Christiaan van Zyl, Elmarie Lambrechts en Brendon van Huyssteen.



Wafelhuis se juniors… Shaun-Dee de Lange, Cara Tomlinson en Carl Boshoff.





KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur



# Wanneer die einde wink

2025 wil byna sy rug op ons draai. Daar is nog net meer as 40 slapies voordat 2026 met 'n groot gejuig verwelkom sal word. Is jy gereed vir 'n nuwe jaar? Vir 'n nuwe begin? Vir oor begin?
Tyd is voorwaar 'n faktor.
Met soveel drama wat tans die Afrikaner se lewe bedreig, sy voortbestaan bevraagteken en baie krom kritiek ontlok – kyk ek van 'n afstand af, maar voel dit aan my lyf. My kop spin want dit is MY mense wat die boemerangkritiek rondsmyt. WDH?
"Dit is tekens van die tye," sê baie. "Dit is wanneer broer teen broer sal opstaan..." Ek wil dit nie hoor nie, want ons is BETER as dit!
Maar is ons?
Hoe is dit dat ons voete van klei so maklik in 'n pappery omsit wanneer die begeerte om REG te wees so swaar weeg?
Ek wil die horlosie terugdraai na 1970, toe ek nog 'n klein dogtertjie was. Ons kinders het nie van soveel haat en nyd en wandade en misdade geweet nie. Nou is dit ORAL! Jy kan dit net nie ontsnap nie, want sosiale media sal seker maak dat jy van alles weet.
"Hierdie jaar moet nou klaarkry. Volgende jaar kan NET 'n beter jaar wees..." Ja? Jy dink so? En hoe gaan jy dit regkry om nie aan die einde van 2026 steeds te mor en te kla oor nog 'n jaar wat aaklig was nie?
Hou ons aan die regte goed vas? Is dié lewe 'n populariteitskompetisie? Bid ons reg? Ken ons die Skepper? Weet ons dat die Heilige Gees hier is om ons te begelei, wanneer ons hom innooi? Wanneer die kakofonie van konflik om ons Afrikanerkoppe losbrand is ons tog so gou gereed met 'n kru woord en 'n sterker brokkie persoonlike kritiek. Dan kry ek skaam, want enige persoon kan seker dink wat hy of sy wil, maar om jou brutale (en soms swak smaak en spelling) misnoë op so 'n walglike manier uit te spreek laat geen ruimte vir komplimente nie.
Die einde wink voorwaar.
'Tsek 2025! Ons wil baljaar. Ons wil lag! Ons wil hoopvol lewe!
Skink nou maar koffie en trek jou gesig reg!
God is in beheer – DIT weet ons gister, vandag en more, voorwaar!

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Die Heilige Besem

Deur: Wynvlieg Woltemade



As jy lank genoeg in Orania bly, sien jy gou daar's dinge wat heilig is. Die kerk, die sonkrag, die koffie... en die besem. Nie sommer enige besem nie hoor, dié met 'n stokkie wat al so krom is van gebruik, hy sou 'n standbeeld van sy eie kon kry.
Want dis asof die Afrikaner met 'n besem gebore is, nie net vir stof nie, maar vir planne, mense en regerings wat nie reg loop nie. Ons vee met trots, met doel, en altyd met opinie.
In Orania is skoonmaak nie 'n seisoenale aktiwiteit nie; dis 'n geloof. Mense verf hul huise met die soort toewyding wat ander vir Sondae hou. Hulle poets stoeplyne reguit genoeg om die NG Kerkklok op trots te maak. En nêrens is hierdie gees sterker nie as op die groen stoep; daardie heilige grond waar politiek, koeksusters en persepsie saamkom.
Daar's altyd 'n tannie met 'n besem daar naby. Sy's nie 'n gewone tannie nie; sy's die hoeder van orde, die wag teen wanbalans. Sy vee nie net stof nie, sy vee skuldgevoel. Sy's die rede hoekom jy jou skoene afvee voor jy praat.
Toe ek eenkeer sien hoe 'n besoeker per ongeluk 'n modderstreep op die stoep trap, het die besemvrou uit die niet verskyn. Sy't hom aangekyk met daardie sagte, dodelike glimlag wat sê: "Ons hou dinge netjies hier."
En toe vee sy, nie hard nie, maar met die soort oortuiging wat jou eie gewete regskrop.
Dis iets besonders, hierdie Orania-besemgees. In Orania vee mense nie net strate nie, hulle vee moedeloosheid uit. Hulle vee oor die siel van die volk, oor die gebreekte stukke hoop, oor die goed wat in ander plekke lankal in die wind vergaan het.
Dis maklik om te spot, maar dalk verstaan die besemvrou iets wat ons vergeet het: orde is nie beheer nie, dis hoop met 'n handvatsel.
Ons gebruik die besem as simbool van reinheid, maar eintlik is dit net ons manier om vir chaos te sê: jy's nie welkom nie. En miskien is dit hoekom hierdie dorp blink, selfs in die wind en stof van die Noord-Kaap.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek hang bo die groen stoep, kyk neer op die volk se stof en glimlag. Want hier, tussen son en sand, hou mense steeds vas aan die idee dat netheid nie oor mooi lyk gaan nie, dis oor bly-wees met wat jy bou.

ORANIABRIEWE

Stuur vir ons jou brief van maksimum 350 woorde na redakteur@koerania.co.za en ons oorweeg dit vir plasing. Die standpunte of menings wat in die skrywes genoem word, is nie noodwendig die menings van Koerania se redakteur, adverteerders of rolspelers nie.

# Sonfoto's by die beeld

Koerania nooi lesers uit om hulle unieke foto's van die President Paul Kruger standbeeld met ons te deel. Stuur jou foto met jou naam en van, datum en tyd wat foto geneem is en 'n kort beskrywing na redakteur@koerania.co.za. Ons sien daarna uit om ons lesers se kreatiewe waarnemings te publiseer.





Foto's: Jessica Black Eloff

# Witkruisdag in Orania op 11 November



Frans de Klerk aan die woord

Die einde van die Eerste Wêreldoorlog het op 11 November 1918 aangebreek. Sedertdien word 11 November wêreldwyd as Rooi Papawerdag herdenk. Die Orania-gemeenskap herdenk op dié dag die duisende plaasmoordslagoffers en soldate wat op die grens gesterf het.
Verskeie instellings en individue het deel van die kranslegging gevorm. Frans de Klerk (jnr) het die gehoor daaraan herinner dat daar 'n tyd is om te treur, maar ook 'n tyd om vorentoe te kyk en weer te bou. "Die brutaliteit van 'n plaasmoord kan ek nie verstaan nie. As 'n volk moet ons tyd maak om te huil. Ons moet eerlik met mekaar wees. Dit gaan regtig nie goed nie. Ons beleef gereeld trauma wanneer ons iewers 'n volksgenoot aan moord afstaan."
Hy het uit Prediker 3:1 gelees.

**Elke ding het sy vaste tyd**

1 Elke ding het sy vaste tyd,
elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:
2 daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe,
'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek,
3 'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red,
'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou,
4 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,
'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans,
5 'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak,
'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af,
6 'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak,
'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi,
7 'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk,
'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat,
8 'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat,
'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede.

"Lê jou krans vandag en as jy opkyk na die kruis besef dat daar 'n verantwoordelikheid is om na te kom namens dié wat ons verlaat het en teenoor God. Daar is 'n tyd om hartseer te wees, maar daar is 'n tyd om op te staan," het Frans met eerbied gesê.



Joost Strydom gaan lê 'n krans by die Wit Kruis



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

PROMOSIE ARTIKEL

# Die huishen met 'n hart vir finansies en 'n liefde vir Orania

Dia van Staden


Foto: Anné van Zyl

Wilmie is 31 jaar oud, en die verhaal van haar lewe is een van gegronde waardes, intieme sirkels en 'n onwrikbare geloof. Sy is van jongs af in Orania grootgemaak – van Graad 6 tot matriek – en het daarna haar professionele fondasie aan die NWU gelê. Hier het sy haar B Com in Ekonomie en Risikobestuur behaal, en haar met lewensmaat, Fanie, begin kuier. Sedert hul troue in 2017, is hul gesin geseën met twee dogtertjies, Sanri (7) en Ansuné (2).

Wilmie beskryf haarself as 'n ware huishen wat haar innerlike vrede in rustigheid, boeklees en tyd saam met haar eie mense vind. Dié introvert staan in kontras met Fanie se meer ekstroverte persoonlikheid, maar soos sy verduidelik: "Ons akkommodeer mekaar." Die bedrywighede van die alledaagse lewe, veral sedert Sanri Graad 1 toe is en hul aktiewe betrokkenheid by die skool en gemeenskap, het haar geleer dat om vir haarself op te staan beteken soms om nee te sê.

In haar professionele rol as 'n sleutelpersoon in administratiewe funksies en nakoming by Prima Batebestuur, waar sy ook betrokke is by die platform se bestuur, is haar fokus op regverdigheid, akkuraatheid, stiptelikheid en netheid. Dit is eienskappe wat haar pa, Hannes du Preez, in die korporatiewe omgewing geleer het en nou in hul Prima-werksruimte oorgedra word. Dit inspireer haar as sy oortuig dat dit 'n professionele indruk skep. Sy en haar kollega, Antonelle Combrink, werk saam aan die samestellings van die portefeuljes op die platform. Alhoewel die bestuur van beleggings stresvol kan wees, geniet sy die administratiewe take en veral die kliëntediens waar sy mense kan help en seker maak hulle voel gehoor. Haar leuse in die finansiële wêreld is: "As jy nie weet nie, is dit belangrik om te vra. Daar is nie so iets soos 'n dom vraag nie."

Wanneer dit kom by haar passies buite werk, is ontspannende fiksieboeke haar gunsteling. Sy vermy akademiese leeswerk en is 'n liefhebber van Irma Joubert en Helene de Kock se historiese romans. Terwyl Fanie dalk 'n storie op TV kyk, is sy besig met lees, kook, wasgoed en skottelgoed – die alledaagse take wat deel van haar lewe is. Sy is lief vir komedie en om soms haar kinders se oulike sê-goed of opmerkings op video vas te vang om hul kinderdae te bewaar.

Die besluit om hul kinders in Orania groot te maak, is vir Wilmie ononderhandelbaar. "Hier kan Sanri en Ansuné sorgloos en vry wees, sonder om skaam te voel dat hul Afrikaners of Christene is." Dié 2 meisiekinders het uiteenlopende persoonlikhede, maar verskaf hulle eindelose vreugde. Haar grootste vrees is die blootstelling van haar kinders aan sosiale media, 'n voertuig wat ongesonde interaksies aanmoedig, en sy glo die oplossing is om toegang daartoe te beperk. Fundamentele waardes wat sy aan vriendskap heg is opregtheid, eerlikheid, plus 'n konserwatiewe en Christelike lewensuitkyk.

In 'n samelewing waar mense dikwels ander wantrou, streef Wilmie en haar Primaspan daarna om mense se situasies te verstaan en seker te maak daar is toegang tot sleutelpersone en 'n vinnige omdraaityd vir navrae. "In die finansiële industrie is daar 'n behoefte aan omgee, en by Prima is 'n vertrouensverhouding en deursigtigheid van kardinale belang" verduidelik sy.

Haar gunsteling vakansie is by die see, veral Hartenbos, waar die kinders konstruktief op die strand besig gehou kan word. Sy fokus op haar gesin en haar loopbaan, terwyl sy vasklou aan die dinge wat werklik vir haar saakmaak.

Prima Batebestuur (Edms) Bpk

**Kontak Prima Batebestuur by 053 207 0106 of stuur 'n epos na admin@primabatebestuur.co.za om meer besonderhede te bekom.**

# Orania se Grondwet: 'n Pad na duidelikheid en samehorigheid

Dia van Staden


Foto: Dia van Staden

Jan Beyers gesels oor die samestelling van 'n Grondwet vir Orania.:

Vier jaar gelede, met die verkiesing van 'n nuwe Orania Verteenwoordigende Raad (OVR), is 'n monumentale taak aangepak: die opstel van 'n amptelike Grondwet vir Orania. Die OVR het besef Orania kort 'n fundamentele dokument, en 'n grondwetkomitee is daargestel. Alhoewel Orania se status sedert 'n hofsaak in 2000 gegrond is, het die proses om 'n Grondwet te formaliseer werklik eers die afgelope twee jaar momentum gekry.

Die komitee, bestaande uit denkers soos Jan Beyers, Carl Boshoff, dr. Philip Nothnagel, Gawie Snyman, Jan van Zyl en Christiaan van der Merwe se eerste stap was om die kernbeginsels te identifiseer. Die vraag was of 'n Grondwet selfs nodig is, aangesien lande soos Engeland daarsonder funksioneer. Jan Beyers, sameroeper van die komitee, vertel: "Daar is egter besluit dat die dokument nie net moet weerspieël "wat ons is nie, maar wat ons wil wees". Uit sowat 30 tot 40 voorgestelde kernbeginsels het die komitee daarna 'n inhoudsopgawe opgestel, waarna elke punt gedebatteer en sleutelwoorde, soos 'vryemark' binne die ekonomiese konteks, geïdentifiseer is."

Ná 'n uitputtende proses is 'n konsep van ongeveer 40 bladsye opgestel. Die proses is deurspek met die wysheid van Spreuke 11:14. Die komitee wou meer as bloot 'n dokument uitstuur en kommentaar terug ontvang; hulle wou ware openbare deelname hê.

Die pad vorentoe en tydsraamwerk

Die komitee het insae van die gemeenskap ingewin, wat gelei het tot 13 registrasies en 10 skriftelike voorstelle van sowat 40 bladsye, wat baie goeie insette gelewer het. Hierdie terugvoer word nou deur die Grondwetkomitee verwerk.

Die tydsraamwerk:

- Einde November 2025: Grondwetkomitee verwerk alle insette.
- Einde Januarie 2026: Geleentheid vir OVR om terugvoer te gee.
- Februarie 2026: Publieke deelnameproses vir die hersiene konsep.
- Einde Mei 2026: Finale weergawe moet deur die OVR goedgekeur word.
- Julie 2026: Dokument word vir publikasie en implementering versprei.

Die hoop word uitgespreek dat die Grondwet die raamwerk vir die verkiesing van die nuwe OVR op 4 November 2026 sal skep.

Jan vertel: "Die Grondwet moet die huidige stormingsfase van groei aanspreek en 'n struktuur skep wat die balans tussen die OVR se publiekregtelike en die Orania Aandeleblok RF (Edms) Bpk (OAB), Kambro, Vluytjeskraal272 Eienaarsvereniging MSW en Vluytjeskraal Landgoed Dienste (Edms) Bpk se privaatregtelike rol duidelik beskryf. Die strewe is na 'n Federalistiese sisteem, waar die staat so klein moontlik gehou word en besluitneming so laag as moontlik na inwoners afskuif. Die doel is dat God bo-aan die hiërargie gestel word, en die OVR aan die onderpunt, met alle ander instellings in die middel."

Volgens Beyers moet die Grondwet uiteindelik die hele Orania saamsnoer, leiding gee aan die OVR oor hul posisie, en 'n duidelike blik op die toekoms skep. Die sameroeper van die komitee het die proses as uitputtend maar bevrydend ervaar, en sien daarna uit dat die finale dokument mense se denke sal oopmaak om te besef hulle dink eintlik dieselfde. "Dit is belangrik dat ons emosioneel intelligent met die saamstel van die Grondwet omgaan."

HULDEBLYK

# Reinette de Waal: 'n Voorbeeldvrou


Foto: Verskaf


Reinette de Waal se laaste wens is bewaarheid en sy is na haar hemelse Vader toe.

Reinette de Waal is op die ouderdom van 70 oorlede. Haar kankerdiagnose sedert 2007 kon nooit die glimlag uit haar oë steel nie. Bykans 'n maand voor haar dood het Koerania met haar gesels en het daardie sagte blou oë, soos altyd, verhelder terwyl sy vertel hoe goed dit gaan.

In die onderhoud van November 2024 het sy gesê: "Dié besige vrou, ma en ouma vertel hoe vol haar lewe is en dat sy nie werklik tyd vir haarself gemaak het nie. Die sonar se uitslag was vir haar opnuut 'n skok wat haar vergangklikheid in vet rooi letters uitgelig het." Van dikdermkanker tot borskanker. In die onderhoud het sy ook genoem: "... siekte nie 'n straf is wat die Here oor mense uitspreek nie, want Hy loop saam met jou daardeur. "Hy los jou nie alleen hierin nie."

Johan Michael de Waal, Reinette se seun, skryf op Facebook: Dankie vir Ma se oor wat altyd wou luister, Ma se arms wat altyd sou troos, en Ma se gebede wat ons altyd deurgedra het. Ma het almal altyd bo maself gestel en uit haar pad gegaan vir almal. Ma se plek hier op aarde by ons is nou leeg en die leemte groot. Ons sal ons kinders gereeld van Ma vertel, en hulle sal altyd weet hoe lief hulle Ouma Net hulle gehad het en dat sy nou uit die hemel uit na hulle kyk. Mag Ma saggies rus by die Here se voete, sonder enige pyn.

Ons gaan dié vrolike vrou, wat vrede met haar lewensuitkyk getoon het, mis, en hoop dat sy nou baie koppies koffie kan drink. Haar laaste woorde aan Koerania was: As dit Sy wil is sal ek gesond word. Indien nie, dan is ek rustig daaroor, want ek gaan dan na Hom toe."



Marinda le Grange se uitstalling kan vanaf Vrydag 5 Desember om 19:00 tot Dinsdag 9 Desember by Maranata Kerksaal in Kleingeluk. Die uitstalling sal van 09:30 tot 12:30 oop wees.

Vanaf 10 Desember sal die uitstalling by Taryn, hoek van Pêrellaan en Jaspisstraat, besigtig kan word.

Marinda se kunsstudente sal elkeen ook 'n kunswerk hier ten toon stel.

Die titel van die uitstalling is "Laat My lammers wei" en sluit olieverf, grafiet, houtskool en kleurpotloodwerk in.

Dié uitstalling was 'n doel wat ek vir myself aan die begin van 2025 gestel het. Ek het teksverse as my motivering gebruik.

Kontak Marinda by 072 041 4583 vir meer besonderhede.

# Speletjiesaand beslis Raar maar Waar


Meer as 200 lede van die gemeenskap het die jaarlikse speletjiesaand op Saterdag 1 November bygewoon. Dia van Staden, die Okkasie Hasie en redakteur van Koerania het die projek jare gelede in Polokwane, haar geboortedorp, ter wille van verskeie maatskaplike instellings begin aanbied.
"Die behoefte vir lag ontstaan gereeld, maar word te min aangegryp," vertel Dia. Sy het die projek ontwikkel toe haar ma met kanker gediagnoseer is en sy self die dringende behoefte gehad het om minder hartseer te wees.
Vir die afgelope 4 jaar word dié projek met sukses in Orania aangebied. Karoosig Aftreeoord, Die Forum vir Gestremdes, Watervleuel en Orania Helpmekaar het in die 4 jaar onderskeidelik in die wins van die aand gedeel.
Dia vertel dat dit 'n uitdaging is om binne 'n klein gemeenskap 'n koste-effektiewe geleentheid aan te bied. Tussen skole en ander gemeenskapsinstelling word datums vinnig opgeslurp en maak dit soms net nie sin om 'n geleentheid aan te bied nie, want die laer inkomstestrome en getal inwoners kan nie altyd bekostig om alles by te woon nie.
Die twee pretspanne is vanjaar met kleur en geur deur Die Kontreiwinkel en Die Wafelhuis ondersteun. Elmarie Lambrechts, Brendon van Huysteen en Christiaan van Zyl het die seniorspan van Kontreiwinkel verteenwoordig. Die Wafelhuis se junior roomysspan was Cara Tomlinson, Shaun-Dee de Lange en Carl Boshoff.
Ruaan van Dyk het as (on)omkoopbare regter hom puik van sy taak gekwyt! Die Sombomme, Jana en Nina Hugo, het allerhande hase uit hul hoede getrek om die gehoor te laat opdok vir enige swak deelname, 'n oormaat entoesiasme of kwaliteit van hulle geesdrif.
Die skerpsinnige Musiekfabriek het uit Christelle de Villiers, ds Ruan Combrink en Dolf Vogel bestaan. Daar is 'n groot verskeidenheid note gekies waarmee hulle gewoeker het en die gehoor moes kopkrap en raai om by titels en sangers en era's uit te kom. As aanbieder moet Dia kophou tussen die ywerige gehoor se uitskree van voorstelle vir die spanne se uitdagings en die spanne se wedywering met mekaar. Dit is die persoonlikhede, wat die tafels met hulle gaste opvul, wat ook 'n spesiale woord van dank verdien. "Die persoonlikhede deel van hulle persoonlike voorkeure en afkeure en vertel van hulle stories sodat die spanne sekere speletjies kan speel," noem Dia. Sy vertel met 'n groot glimlag hoe dié lede van die gemeenskap inkoop, saamspeel en wonderlike entoesiasme bring om vir 'n goeie doel hulle deel te doen.

**Vanjaar se persoonlikhede was:**
Ilze Smit (Wafelhuis), L'lize J van Rensburg (Afsaal Eiendomme / Stokkiesdraai Avontuurpark), Ita van Zyl (Op die Bult venue), Timothy Jacobs (MMI Kontrakteurs), Ludwig Everson (Aardskip / Sonskip), Willie Steenkamp (Arbeidadel), Janel Cornelius (Dansakademie), Nina van Coppenhagen (Rembrandt), Lardus Erasmus (Orania Gesondheidsdienste), Riaan Els (Mos se Plek), Pierre Buys (Gasman), Doret le Cornu (Bo-Karoo Opleiding), Riegardt Lambrechts (Kontreiwinkel), Nicolene Nieuwoudt (Wys jou vleis), Nadia Kuit (Orania Helpmekaar), Jacobus le Grange (Pluspunt Argitekte), Cornélle Steyn (Porseleinpoppe), Burger Lambrechts (Kontreiwinkel), Gerrit Crous (Monte Crous Hotel), Sanri Stone (Orakobab), Gerhard Strauss (BPP Kontrakteurs), Jannie Ebersöhn (Penkop Algemene Dienste).
Orania Helpmekaar het met waardering die fondse ontvang. Daar word reeds beplan aan dié geleentheid vir 2026.



Foto's: Cherise Barnard











## WERK VIR EUROPA VANUIT ORANIA!
Jongmense met 'n passie vir tegnologie het nou die unieke kans om vir 'n Europese sagtewaremaatskappy te werk. Wolkwerker bied betaalde opleiding aan tot 12 kandidate, met die moontlikheid van langtermyn werk.

## BETAALDE OPLEIDING
Die opleiding is in Januarie en Februarie, en kandidate sal R 6000 per maand ontvang vir hul deelname aan die opleidingsprogram. Ná afloop van die opleiding sal tot 8 kandidate gekies word om aan te sluit by die projekspanne teen 'n aanvangsvergoeding van vanaf R 10 000 per maand.

## PERSOONLIKE BEGELEIDING DEUR INTERNASIONALE MAATSKAPPY
Verteenwoordigers van die maatskappy sal die opleiding in Orania behartig. Hulle sal die span begelei om die sagteware deeglik te bemeester en doeltreffend te bestuur.

## WIE KAN AANSOEK DOEN?
Kandidate met 'n talent vir tegnologie wat bereid is om in 'n span te leer en te werk. Voorkeur sal gegee word aan jongmense tussen 17 en 25 jaar, maar ander aansoeke sal ook oorweeg word.
Aansoekers van buite Orania is welkom, mits hulle bereid is om na Orania te verhuis.
'n Keuringstoets sal op 2 Januarie 2026 in Orania plaasvind en 'n onderhoud op 3 Januarie.

## MEER AS NET 'N WERK
Die opleiding vind plaas in Orania, die opkomende stad wat 'n Christelike gemeenskap, 'n veilige omgewing, 'n lewenskragtige studentelewe en 'n aantreklike toekomsperspektief vir jong Afrikaners bied.
Benewens die werkgeleentheid sal suksesvolle kandidate ook deel kan wees van Orania se aktiewe studentelewe en gemeenskap. Dit is die ideale kans vir jongmense om waardevolle ondervinding in die tegnologiebedryf op te doen, terwyl hulle in 'n unieke en ondersteunende omgewing werk.

## HOE OM AANSOEK TE DOEN
Aansoeke sluit op 23 Desember 2025. Stuur aansoeke met jou CV na info@wolkwerker.com. Besoek Wolkwerker.com vir meer inligting in verband met hierdie uitsonderlike geleentheid.

ZIMMER SOFTWARE
WOLK W WERKER
wolkwerker.com

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

GRONDLYN

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut

# "As My volk hulle verootmoedig..."



*"... en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*
*2 Kronieke 7:14.*

**Die krisis van ons tyd**

Oraniërs, ons volk bevind hom tans in 'n tyd van onsekerheid, onvryheid en verwarring. Baie vra: "Waarom gaan dit so swaar met ons?" Maar die Skrif wys dat 'n volk se uiterlike toestand bloot 'n weerspieëling van sy innerlike toestand voor God is.

Ons het die seëninge van die Here geken, maar sy stem geïgnoreer. En daarom kom die Here vandag weer na ons met daardie eenvoudige maar dringende woorde: "As my volk…"

**Verootmoediging - die begin van genesing**

Verootmoediging en genesing begin nie by ander nie, dit begin by my en jou. God sê nie: "As die regering…" of "as die wêreld…" of "as die VSA…" of "as Trump…" nie. Hy sê: "As my volk..." Verootmoediging beteken om te erken dat ons as Afrikaners, wat Hom eens openlik gedien het, verhard geraak het. Ons bely sy Naam, maar weerspieël nie sy hart nie. Ons het op onsself begin vertrou, op kultuur, op tradisie, eerder as op Christus. Jesaja 1:4 sê: "Hulle het die Here verlaat, die Heilige van Israel verag..." En nou roep die Here ons weer terug - nie om te roem nie, maar om voor Hom te buig.

**Bid en soek My aangesig**

Om God se aangesig te soek, is meer as om sy hulp te vra. Dis om weer sy teenwoordigheid bo alles te begeer. In Hosea 10:12 lees ons: "..dit is tyd om die Here te soek totdat Hy kom en geregtigheid laat reën." Ons soek baie dinge - veiligheid, vryheid, rykdom en erkenning - maar soek ons nog God se aangesig? Ons volk het baie stemme, maar word ons nog stil voor God?

**Bekeer julle van julle verkeerde weë**

Bekering beteken 'n wegdraai van sonde - persoonlik én kollektief. Maar hoe weet ons waarvan ons moet bekeer? Die apostel Paulus gee vir ons die maatstaf in Galasiërs 5:19–23 waar daar staan: "...die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge... Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."

Laat ons eerlik vra: Wanneer ander mense na ons volk en na ons dorp kyk, wat neem hulle waar - in ons gesinne, ons dorp en in ons politiek - watter lys pas beter by ons?

Sien hulle: Twis eerder as vrede? Afguns eerder as blydskap oor ander se seëninge? Trots eerder as sagmoedigheid? Kritiek en oordeel eerder as liefde? As ons hierdie dinge in ons midde toelaat, lieg ons as ons sê ons het Christus lief. Want Jesus sê in Johannes 13:35: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

**God se belofte van herstel**

God se oordeel is altyd met die doel van herstel. Hy sê: "As julle julle verootmoedig… dan sal Ek hoor, vergewe en julle land genees." Wanneer ons ons sonde erken en ons trotse harte buig voor Hom, dan doen God wat geen mens kan doen nie - Hy verander harte, gesinne, families, 'n dorp en uiteindelik ook 'n volk. Hy belowe om die vloek van ongehoorsaamheid te keer, en sy seën weer te laat rus op dié wat Hom eer. Deuteronomium 30:2 en 3 sê as ons terugkeer na die Here ons God… dan sal die Here ons lot verander en Hom weer oor ons ontferm."

**Ons moet nou kies**

Oraniërs, die Here vra vandag: Sal ons as dorp en volk weer voor Hom buig? Sal ons ophou om ons onvryheid net in aardse terme te sien, en besef dat dit 'n gevolg is van ons eie trots en afvalligheid? As ons weer die pad van die Gees kies, sal die Here sy hand weer oor ons uitstrek. Maar as ons aanhou wandel volgens die werke van die vlees, sal ons bly ervaar dat Hy sy beskerming onttrek en gaan Orania minder as 'n voetnoot in die wêreldgeskiedenis wees. Daarom sê die Here in Joël 2:13 ... skeur julle harte, nie julle klere nie.

(*Opening waargeneem deur Gawie Snyman, Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad, tydens die Witkruisdag herdenking op 11 November 2025*).






# Terugblik op jaar 2 van Koerania


DESEMBER 2024 | Bladsy 14


JANUARIE 2025 |Bladsy 12


FEBRUARIE 2025 | Bladsy 7



MAART 2025 | Bladsy 5



APRIL 2025 | Voorblad



MEI 2025 | Voorblad

Gemeenskapsnuus
KOERANIA



JUNIE 2025 | Bladsy 9

# Toerismegesprekke is oplossingsgedrewe

ORANIA SAKEKAMER



JULIE 2025 | Bladsy 2

# Ma's en dogters praat uit hul harte



AUGUSTUS 2025 | Bladsy 8 & 9

# Servituutpad se opknapping vorder





SEPTEMBER 2025 | Bladsy 2



OKTOBER 2025 | Bladsy 7



ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

KOERANIA

November 2025 ONS VERJAAR! Volume 1 Uitgawe Nr 24

OOM Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff: Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

BO-KAROO EIENDOMME
Marda Van Dyk 061 172 7317
Gerhard Vos 083 790 7196

KITSNUUS — Lees meer binne

Sonsondergangfoto's by die beeld
Bl 2

Wilmie woeker by Prima
Bl 3

Orania Grondwet vorder
Bl 3

Prettige Raar maar Waar
Bl 4

Begrond
Bl 5

Terugblik op die laaste jaar
Bl 6 & 7

'n Besoeker vertel
Bl 8

Ons Paradys Tuinuitdaging
Bl 9

Klein Reus Marathon
Bl 12

Klein Klara presteer
Bl 12

SKAKELS
www.koerania.co.za
Volg ons op sosiale media

NOODNOMMERS
Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089
Water & Riool | Elektries

# Kontreiwinkel klop Wafelhuis

KONTREIWINKEL Orania

NOVEMBER 2025 | Voorblad

BESOEKERS MENING

- deur Sean Volschenk

# Op Soek na Jakob



Sean en Ilze Volschenk besoek aan Orania

*'n Indringer se eerlike, soms tong-in-die-kies indruk van 'n dorp wat floreer, en hoe die mense dit doen. Waar Jakob en die Klein Jakob hand aan hand floreer.*

Inleiding

Ek het doelbewus nie Orania op 'n amptelike toer kom besoek om die leierskap vir die kamera te sien glimlag nie, alhoewel ek hulle nog ook wil kom ontmoet. Ek wou die gewone mense leer ken- die polsslag van die dorp oor so bietjie meer as drie dae, hul klein dramas en groot prestasies. Ek was op soek na die ware Jakob van die dorp- nie 'n individu nie, maar die gees van 'n gemeenskap wat floreer sonder dat iemand vir jou vertel hoe.

En my hemel, ek het dit gevind. Dit lê in die strate, die kuierareas, selfs in die klein gebare van elke inwoner wat opstaan, werk doen en die dorp laat leef. Selfs al stap hulle bakstene vir hul eie huis, vind hulle tyd om vrolik te waai en groet. Dis 'n plek waar die gewone en die buitengewone naatloos saamvloei- soos koffie en beskuit op 'n Saterdagoggend, maar met 'n bietjie minder suiker en 'n bietjie meer karakter.

Veiligheid en Eerste Indruk

As Suid-Afrikaner waardeer jy veiligheid soos goud. Orania bied dit nie net in die afwesigheid van misdaad nie, maar ook as 'n gevoel van rustigheid wat jou laat asemhaal. Die strate is skoon en netjies; jy voel welkom, maar jy besef ook dat jy as indringer jou tone liggies moet opstoot- nie omdat hulle onaardig is nie, maar omdat hulle jou gees lees soos 'n boek.

Mense en Gemeenskapsgees

Hier is mense wat anders dink, anders praat, en op verskillende maniere hul dag aanpak. Tog deel hulle almal dieselfde einddoel- 'n werkende, blomende gemeenskap. Dis amper soos 'n koor waar elkeen sy eie noot sing, soms skeef, soms onverwags, maar wanneer die simfonie klaar is, is dit suiwer mooi. Dit werk. Die ware Jakob lê in die manier waarop hierdie uiteenlopende mense saamwerk, mekaar respekteer, en vasbyt aan gedeelde waardes.

Geloof as Bindmiddel

Orania se gees kan nie verstaan word sonder om die geloof in ag te neem nie. Alhoewel daar twaalf kerke vir elke tien mense mag wees- tipies Afrikaans- loop 'n ongesiene draad van Christelike waardes deur die dorp. Dit is nie net prediking nie; dit is dade: mense wat mekaar help, hul omgewing skoon hou, en selfs die kleinste gemeenskapstake ernstig opneem. Hierdie draad van geloof is soos 'n geheime gom wat die dorp bymekaar hou.

Besighede en Ekonomie

Vir 'n klein dorp is die aantal besighede verbasend. Daar is byvoorbeeld vyf slaghuisies vir 'n populasie wat jy sou dink met twee kan klaarkom- nie hier nie. Dis die vryemark in aksie: jy wil jou klante hê, jy gee jou beste diens, of jy gaan dit nie maak nie. En glo my, iemand anders wag net om jou perseel oor te neem en iets daar te kom maak werk. Die dorp skep werk, lok nuwe mense en bied almal die kans om 'n rol te speel. Hier word nie gewag vir groot staatsprojekte nie; hier word net gedoen.

'n Lughawe: Sleutelfaktor vir Groei

Orania het reeds 'n klein vliegveld- indrukwekkend genoeg om 'n basis vir 'n volwaardige lughawe te wees. Dis nie net 'n strook grond nie, dit is 'n simbool van moontlikhede. 'n Betroubare, bekostigbare lughawe met gereelde vlugte na streek- en nasionale lughawens sou toerisme laat blom, mense die dorp regtig laat beleef, en dienste en besighede stimuleer.

Ek dink aan 'n scenario waar gesinne hul kinders in goeie skole het en die huis in 'n veilige, skoon en goed bestuurde gemeenskap kan los, terwyl die man of vrou vier of vyf dae in 'n stad soos Johannesburg of Kaapstad werk, en naweke huis toe kom. Die lughawe maak dit moontlik om Orania nie net van ver te sien nie, maar ook gemaklik te beleef- wat die dorp se aantrekkingskrag as toeristebestemming en toekomstige vestigingsplek verhoog.

Boustyl en Identiteit

Die strate is skoon, maar 'n samehangende boustyl wat Noord-Kaap-karakter en Orania se kultuur weerspieël, kort, en sou die dorp se identiteit versterk. Meeste mense bou hul huise self, baksteen vir baksteen, in die son, met toewyding en harde werk. 'n Duidelike, bekostigbare boustyl sou nie net die dorp se identiteit skep nie, maar ook meer mense lok en die gemeenskapsgees visueel versterk.

Swembad en klein kritiek

Die dorp swembad en kuierareas is skitterend- perfek vir 'n warm dag. Die mans-toilette het egter my wenkbroue lig so- bouvallig en erg vuil, veral omdat 'n fooi gevra word om te swem. Ek verstaan dat fondse op die plan is, maar aandag hieraan sou die ervaring net versterk. Die res van die fasiliteite wys dat Orania nie net praat nie- hulle doen.

Koerania: Raar maar Waar

By die Koerania Raar maar Waar-funksie het ek die dorp se gees regtig beleef. Uitstekend georganiseer en soveel pret. Wat 'n fees en 'n geleentheid om die inwoners van Orania te beleef net soos hulle is, as hulle saam kom. En als vir liefdadigheid en ten opbouing van die dorp. Mense lag, werk saam, en selfs die kleinste take so- soos die saal skoonmaak ná die aand se kuier- word sonder gemor gedoen, en hulle skroom nie om die strepe wat die indringers met die mop op die vloer los, uit te wys nie.

Jy sien respek, verantwoordelikheid en samehorigheid in aksie so- nie net in groot projekte nie, maar in die gewone dinge wat die siel van die plek vorm.

Die Klein Jakob

Terselfdertyd het ek subtiel die jong Jakob- die kinders en tieners- dopgehou. Die skole en programme is indrukwekkend: sport, akademie en kultuur word deeglik gedek. As indringer is dit net 'n klein waarneming dat daar dalk iets kan broei wat nie altyd onmiddellik raakgesien word nie. Ek was te kort daar om my vinger daarop te kan sit, maar ek glo en vertrou die dorpsmense sal daar kort dalk fokus op die jeug. 'n Herinnering dat die klein Jakob, die toekoms van hierdie gemeenskap, sorgvuldig gekoester en opgevolg moet word.

Ter afsluiting

Orania is nie perfek nie, maar dit floreer. Die ware Jakob leef in elkeen van sy inwoners: mense wat werk, glo, saamwerk en hul gemeenskap bou. En die klein Jakob? Hulle is die toekoms, en dit is net so belangrik om hulle te koester en te begelei. Orania wys hoe 'n gemeenskap op waardes, respek en doelgerigtheid kan floreer so- en ek vertrek met die gevoel dat ek nie net die dorp gesien het nie, maar die gees van sy mense beleef het. Die besoek los my beindruk en gretig om weer te kom kyk, en meer te sien.



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# ORANIA DAGBOEK

## November 2025

14 Vlugbal deur BKO

18 Binnelandse sake besoek Orania

29 Tuin-tot-Tafel Straatfees

## Desember 2025

5 Orania Helpmekaar Kersboom

5 Orania Weerbaarheidsvereniging Vasbyt

6 NG-kerk Basaar

10 CVO-Skool Orania – Skool sluit

12 Volkskool Orania – Skool sluit

12 Aandmark

12 - 17 Kunsuitstalling: Marinda le Grange

13 Kruger breek die pad oop - Toneel

16 Geloftedag

16 Kersliggies

17 Tafeltennistoernooi Blou Stoor

17 – 20 Vryval by Vliegveld

25 Kersdag

26 Gesinsdag

27 Fiets- en wyntoer

## Januarie 2026

1 Nuwejaarsmyl






# Tuine word besoek

Die drie beoordelaars vir vanjaar se tuinuitdaging sal op 17 en 18 November die persone wat geregistreer het, se tuine besoek en beoordeel. Daar is verskeie registrasies vir grasperke en gevestigde tuine ontvang. Sakpas- en beginnertuine vorm ook deel van die registrasies en die beoordelaars sien daarna uit om al die moeite met waardering te bejeën. Daar is pragtige kontantpryse vir die wenner van elke afdeling te wen wat deur Die Begrond Instituut beskikbaar gestel word. Hou Koerania dop vir foto's van die wenners in die Desemberuitgawe!

## Paradys beoordelaars beplan



**Alida Ackerman**

In jou tuin lê die polsslag van 'n opregte hart. Vrede, liefde en geloof vind hul woning daar. So koester jou tuin en geniet jou handewerk, dan sal blomme van rus en vrede daar groei. Ons sien uit om in jou "rus en vrede" te kom kuier.



**Johan Venter**

Om met jou hande in die grond te werk en om 'n tuin te bewerk laat jou spanning ontlaai en die "vrugte" wat jy pluk maak jou trots. 'n Mooi versorgde tuin is 'n lus vir die oog en steek sommer ander aan om ook hulle tuine beter te versorg.



**Lené van der Walt**

'n Netjiese tuin weerspieël rus in die hart en orde in die gees. 'n Goedversorgde tuin is vir my soos kuns wat met geduld en liefde geskep word, om later ure se genot daaruit te kry.









BO-KAROO OPLEIDING is ’n privaat opleidingsinstelling in Orania wat beroepskwalifikasies in skaars vaardighede aanbied, gebou op ’n Christelike fondasie en gewortel in die vryheid en uniekheid van ons Afrikaner kultuur.

## 2026 inskrywings is oop!


Boerderybestuur | Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries
Loodgieter | Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling

Besoek www.bko.co.za vir meer inligting en inskrywingsvorm


BKO
BO-KAROO OPLEIDING

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# SPORTGIDS



**Amateurstoei**
Willem Strauss - 079 299 0631
Saamstaangebou
Seuns vanaf 6 jarige ouderdom kan aanmeld
Maandae en Donderdae van 17:30 tot 19:00



**Ballet**
Uysie Kirsten Balletskool
Beginners vanaf enige ouderdom welkom
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317



**Boogskiet**
Willem Jacobs
083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks



**Fietsry**
Dewald Otto
084 557 4223
Groepritte
Dinsdagmiddae en Saterdagoggende

**Gimnastiek**
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs - 072 550 8462 /
oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.



**Hokkie**
Jané Ebersohn
072 241 9142



**Jukskei**
Thinus van Dyk
0731693505
Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat

**Karate**
Henk Steyn - 076 790 8843

**Moderne dans**
Janel Cornelius - 068 589 9227




**Muurbal**
Victor Correia - 082 568 5587




**Orania Atletiekklub**
Christo Muller - 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.



**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg - 079 335 1621




**Paaldans**
Yoraldé Grotius - 082 065 8593
Ma: 17:15-18:15
Di: 16:00-17:00
Wo: 16:15-17:15 & 17:15-18:15
Donderdae oefenklas:16:00-17:00
R300-00 per maand




**Perdry**
Jessica Bornman - 082 823 2541

**Pluimbal**
Koos le Grange - 083 568 703

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri / Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564



**Swem**
Hester Botha - 082 093 4352



**Tennis**
Willlie Steenkamp - 082 490 4935

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn - 076 790 8843
Volkskool Orania - 16:30 tot 17:30

## Lees Dit! Deel Dit!



koerania.co.za









KOERANIA Sport

November 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 24




# Halfmaraton reuse lekkerte

Dia van Staden

Die Klein Reus Halfmaraton is op Saterdag 18 Oktober aangebied waar 80 atlete van oral in die omgewing aan dié wedloop deelgeneem het. Die Orania Atletiekklub, ŉ Atletiek Suid-Afrika (ASA) geregistreerde klub, bied jaarliks dié gewilde wedloop aan. Oraniërs het in hul atletiekdrag opgedaag en met trots deelgeneem.

Die Klein Reus wedloop bestaan uit die keuse van 'n 10 km of 21.1 km roete. Christo Müller, klubvoorsitter, is in sy nappies met hoe die dag se verrigtinge verloop het. Hy en Karin, sekretaresse van die klub, vertel dat deelnemers veral die waterpunte gekomplimenteer het. "Die drinkgoed was koud en die gees was aansteeklik," het die atlete gesê.

Die roetes word jaarliks positief deur die atlete ervaar omdat dit grondpaaie insluit waarvan die Oranjerivier en die kanaalstelsel deel vorm. Die landerye is gedurig in die oog terwyl daar gekompeteer word. Na 2024 se baie warm dag was atlete verheug oor 'n koeler wegspring vanjaar. Die paar reëndruppels was beslis verwelkom.

Christo en Karin is dankbaar vir klublede en ander vrywilligers wat hul tyd opoffer om die logistieke van so 'n wedloop moontlik te maak. Die roetewysers, administratiewe beamptes, Jacobus le Grange as aankondiger en ander rolspelers het die bestuur se hande sterk gemaak. "Ons is dankbaar vir die sukses en vir positiewe terugvoer. Sien almal en hulle hardloopmaats volgende jaar!"

**Uitslae vir die 10 km wedloop:**

0:37:11 Deacon Hendricks (19) manswenner
0:48:20 Kerika le Roux (28) wen die vroueafdeling
0:57:43 Koos Le Grange (70) wen 70-79 afdeling

**Uitslae vir die 21 km wedloop:**


Harry Seekoei (50) van Kimberley Harriers wen die manswedloop met 'n tyd van 01:20:43.
Nadine Britz (27) van Hartbeespoort Maratonklub se wentyd vir vroue is 01:39:22.
Gavin Wiggil (61) het 'n wentyd vir sy ouderdomsgroep van 01:59:09 gehardloop.









Foto's: Cherise Barnard

# Hulle maak ritmiese passies

Sewe Ritmiese gimnaste, vlak 1 tot 3, het die Oranjerivier Gimnastiekklub by die Noord- Kaap Gimnastiek se Interprovinsiale Ritmiese Zone kompetisie in Bloemfontein verteenwoordig. Dié is die hoogste vlak waarop ritmiese gimnaste, wat in vlak 1 tot 3 deelneem, in Suid Afrika kan presteer.

Dansies was op 'n punteskaal deur 5 beoordelaars per gimnas beoordeel. Elke gimnas het 'n punt per dansie behaal. Medaljes is toegeken volgens die punte wat behaal is.

Eienaar en afrigter van Oranjerivier Gimnastiekklub, Michelle Jacobs, 'n gekwalifiseerde beoordelaar, het op 27 September tydens die kompetisie beoordeel.

As klub het hul 2 goue medaljes en 5 silwer medaljes ontvang. Klara Murphy het die hoogste punte van alle vlak 1 tot 3 gimnaste behaal.

# Skryf in vir die 2026 Orania Helpmekaar Vasbyt

Die Orania-gemeenskap het op 12 November die inskrywings vir die 2026 Vasbytbyeenkoms op 'n drafstap geopen. In samewerking met Orania Atletiekklub het fietsryers, drawwers en stappers vanaf die Paul Kruger-monument weggespring 'n simboliese wegspring vir volgende jaar se Vasbyt gevier.

Die Orania Helpmekaar Vasbyt wat vanaf 30 April tot 2 Mei 2026 aangebied word, is meer as net 'n stap-, draf- of fietsrygeleentheid, dit is 'n belewenis van Orania as gemeenskap. Wat in 2016 begin het as 'n droom, het gegroei tot 'n gewilde drie-dag fees van uithouvermoë, kultuur en samehorigheid in die hart van die Bo-Karoo.

Terwyl deelnemers hul uithouvermoë en durf op pragtige roetes wys, kan die hele gesin die dorp en sy mense beleef met stalletjies, musiek, dorpstoere, restaurante en lekker kuier in die feestent. Alle fondse vloei na Orania Helpmekaar, die maatskaplike organisasie wat Orania se mense ondersteun.

Die wedloop en wedren strek oor drie dae en kan te fiets of te voet afgelê word. Aparte roetes word vir die verskillende afdelings uiteengesit.

Stap/Draf-items:
Ligloop - Totaal 36 km
Vasbyt - Totaal 74 km

Fietsry-items:
Ligtrap - Totaal 71 km
Vastrap - Totaal 150 km

Skryf hier in: https://kaartjies.co.za/

Sluit aan by hul Whatsapp Groep: https://chat.whatsapp.com/C1EVBMrZyzlCsYV2APes3V

Registreer voor 28 Februarie 2026 en betaal die vroeë Vasbyt-prys van R400.00.

